

8 April

**Skrifgedeelte: Romeine 8:6-11**  
**Fokusgedeelte: Romeine 8:10, 11**

### **Volkome verlossing**

**D**ie Heilige Gees woon in ons. Ons sien dit duidelik by kinders van God. Hulle volhard nie meer in sonde nie. Die Heilige Gees beheers hulle lewe. Hulle behoort aan Jesus Christus. Die Heilige Gees verbind hulle so nou aan Christus dat Hy in hulle harte woon. Kinders van God lewe! Maar dit is nog nie die einde nie. Gelowiges gaan ook dood. Ons liggame sal tot niet gaan. Die Heilige Gees het Jesus uit die dood opgewek. Dit is die waarborg dat die Heilige Gees ook ons sterflike liggame met die wederkoms (1 Tess 4:13-18) weer lewendig sal maak.

Kan jy aan jou lewe sien dat die Heilige Gees in jou woon? Dan is jou eindbestemming seker! Ons sal as volmaakte mense met liggaam en siel vir ewig in hemelse vreugde by God wees. Die noodkreet van die apostel het inderdaad 'n vreugdekreet geword (Rom 7:24, 25).

*Sing: Skrifberyming 5-4*

*Ds. APC Duvenage (Emeritus)*